

Die funksionaliteit van voël- verwysings in twee verse-in- wording uit D.J. Opperman se onvoltooide bundel Sonklong oor Afrika¹

ABSTRACT

D.J. Opperman, one of the most prominent Afrikaans poets of the 20th century, often used birds as symbols and metaphors to describe or reinforce human emotions or conduct. This is especially evident in Heilige beeste (1945), Negester oor Ninevé (1947), Komas uit 'n bamboesstok (1979), and a volume he was working on before he suffered a debilitating stroke, Sonklong oor Afrika. With reference to two unfinished poems from Sonklong oor Afrika, "Die goue snip van Afrika" and "Arende broei adellik", and without arguing for or against the posthumous publication of unfinished work, it is concluded that –

- a. Opperman is not a traditional nature poet; his poetry is anthropocentric rather than ecocentric;*
- b. the alternative text proposed for "Die goue snip van Afrika" provides a more accurate ornithological description of the behaviour of the painted snipe (goudsnip) than the Kannemeyer text; and*
- c. the descriptions of the behaviour and habits of the painted snipe and the eagles in these two works are bio-regionally accurate.*

Especially readers with a sound knowledge of birds will have an enriching experience when reading or rereading Opperman's poetry.

1. Inleiding

Gegewe die belangrikheid van D.J. Opperman in die Afrikaanse digkuns (Grové, 1965:33; 1982:491 en 500; Kannemeyer, 1979:98-100), is daar reeds baie navorsing oor verskeie aspekte van sy digkuns en oeuvre gedoen (Nel, 1989; Nolte, 1976; Spies, 1981).² Aangesien die veelbekroonde *Komas uit 'n bamboesstok*, wat in 1979 verskyn het, D.J. Opperman se laaste gepubliseerde bundel is, word daar nie geredelik aan hom gedink as 'n post-1980 Afrikaanse digter nie. Tog was hy, voor sy ernstige beroerte op 22 Junie 1981, besig om aan 'n bundel wat hy *Sonklong oor Afrika* wou noem, te werk. In 2000, vyftien jaar na Opperman se dood in September 1985, publiseer Tafelberg-Uitgewers *Sonklong oor Afrika* met

J.C. Kannemeyer as redakteur. Die bundelgedeelte van hierdie publikasie bestaan uit 'n seleksie van verse-in-wording uit die ruwe manuskrip met die duidelike *caveat* dat die “leser hier met verse-in-aanbou, *wordende* kunswerke, te make het” (Kannemeyer, 2000:9 en 16-17). Elk van die gekose verse-in-wording word weergegee as 'n faksimileekopie (van die oorspronklike, handgeskrewe Opperman-teks) en 'n transkripsieekopie (deur Kannemeyer geredigeer), voorsien van kantaantekeninge.

In hierdie bydrae word nie standpunt ingeneem vir of teen die publikasie van *Sonklong oor Afrika* nie en word die voor-of nadele, of die wenslikheid daarvan om onvoltooide werk van 'n kunstenaar postuum te publiseer, nie direk aangespreek nie.

Hierdie bydrae spreek 'n faset van Opperman se oeuvre aan wat tot op hede nog slegs terloopse aandag geniet het (Nolte, 1976:232-242), naamlik die wyse waarop Opperman voëls aanwend om die tema van 'n gedig toe te lig. Dit word gedoen aan die hand van twee van sy onvoltooide verse uit *Sonklong oor Afrika*, naamlik “Die goue snip van Afrika” en “Arende broei adellik”. Die volgende drie vrae word ondersoek en beantwoord:

- a. Is Opperman 'n tradisionele natuurdigter wat die skoonheid in die natuur op liriese wyse besing?
- b. Hoe vergelyk die Kannemeyer-teks van “Die goue snip van Afrika” met die voorgestelde, alternatiewe teks en om watter rede verskil dié tekste?
- c. Is Opperman se beskrywings van die goudsnip en arende se gedrag en gewoontes in hierdie verse-in-wording bio-regionaal akkuraat?

Met “bio-regionaliteit” word bedoel dat die digter baie bewustelik die natuur binne 'n “bio-omgewing” respekteer, verken en ontgin.³

2. Die natuur in D.J. Opperman se gedigte

Spies (1992:14-15) merk tereg op, soos uit die bespreking wat volg sal blyk, dat Opperman 'n voorkeur het vir die beeldende gedig wat as 'n gekonsentreerde, komplekse geheel “sy effekte op metaforiese en aldus suggestiewe wyse bewerkstellig”. As besonder visuele digter (Nel, 1989:151 en 154) met 'n besondere fyn waarnemingsvermoë (Dekker, 1974:6; Malherbe, 1974:10), val dit nie vreemd op dat die natuur geredelik en voortdurend boustof vir sy gedigte bied nie. Tog is Opperman se gedigte nie “natuurgedigte”⁴ (“nature poetry”) in die eng sin nie, aangesien sy gedigte nie bloot neerkom op 'n liriese uitbeelding of belewing van die natuur nie (Nienaber en Lategan, 1952:2-39). Trouens, Opperman was inderdaad die eerste Afrikaanse digter om te breek met die “mooi woord” (Grové, 1982:491; Kannemeyer, 2005:225). Hy was egter ook nie binne die konteks van

die Afrikaanse digkuns 'n eksponent van “ekopoësie” of “ekokritiek” nie (Bryson, 2002; Smith, 2012a, 2012b). Opperman gebruik bloot aspekte van die natuur, en by uitstek voëls, as metafore en simbole, of bloot beskrywend ter ondersteuning van die gedig se hooftema.

Kortom: Opperman se werk kan as antroposentries eerder as ekosentries getipeer word (Franzsen, 2013:57). Hy gebruik die natuur as bron vir die beelde wat hy skep en temas wat hy aanspreek (Nienaber en Lategan, 1952:37). Anders as by die tradisionele natuurdigter, waar die natuur heers in die gedig, is dit by Opperman die “kreatiewe wil van die kunstenaar” wat voorop staan (Grové, 1965:4) en word die leser telkens gelei om die natuurbeelde metafories en simbolies te lees (Spies, 1992:30).

3. Voëls in die gedigte van D.J. Opperman

Voëls figureer op 'n deurlopende basis in al nege Opperman-bundels. Uit 'n totaal van 389 gedigte (volgens die indeling van Grové, 1987) is daar direkte of indirekte voëlverwysings in 123 (bykans 32%).⁵ Opperman verwys na 32 voëlspesies (byvoorbeeld “hamerkop”, “jangroentjie” en “piet-my-vrou”) en 26 voëlsoorte (byvoorbeeld “duiwe”, “fisante” en “meeue”) by name (Franzsen, 2013:15 en 21).

Direkte en indirekte voëlverwysings is veral opvallend in Opperman se eerste vyf bundels (*Heilige beeste* (1945), *Negester oor Ninevé* (1947), *Joernaal van Jorik* (1949), *Engel uit die klip* (1950) en *Blom en baaierd* (1956)) en in sy laaste bundel (*Komas uit 'n bamboesstok* (1979)). Voëlverwysings word ingespan om, dikwels op besondere wyse, die drie grondtemas van sy oeuvre (Grové, 1982:493-505; Kannemeyer, 2005:226; Spies, 1981:27-28; Spies, 1992:260), naamlik “die aardse, die vrou en die Groot-Groot-Gees” (kyk “Heilige beeste” uit *Heilige beeste*), toe te lig. Wat betref die aardse, verdien die volgende gedigte spesifieke vermelding: “Shaka” (*Heilige beeste*), “Ná 'n besoek aan die dieretuin” (*Negester oor Ninevé*), “Edms. Bpk.” (*Edms. Bpk.*) asook “Son” en “Trekswaeltjies” (*Komas uit 'n bamboesstok*). Ten aansien van die vrou kan verwys word na “Reën in die Bosveld” (*Heilige beeste*), “Nagstorm oor die see” (*Negester oor Ninevé*) en “Jangroentjie en Strelitzia” (*Komas uit 'n bamboesstok*). Die opperwese, maar daarmee saam ook spiritisme, die okkulte (Snyman, 1993:532) en die mitologie is 'n verdere herhalende tema. Voëls word ook tot versterking van hierdie tema ingespan. In dié opsig verdien die volgende gedigte spesifieke vermelding: “Legende van die drie versoeking” (*Negester oor Ninevé*), “Kersliedjie” (*Blom en baaierd*) en “Spermutasie” (*Dolosse*).

Deels as 'n subtema tot Opperman se aardsgebondenheid, en deels as groeiende tema in eie reg, is sy innige gebondenheid aan en verbondenheid met die Afrika-kontinent (Van Vuuren, 1999:450-451; Kannemeyer, 2000:13;

Kannemeyer, 2005:244). In April-Mei 1981 besoek Opperman Malawi (Kannemeyer, 1986:438-440), 'n reis wat hom begeester het en waartydens hy heelwat boustof bekom het vir van sy verse-in-wording vir *Sonklong oor Afrika* (Kannemeyer, 2000:13). Kriptiese notas wat tydens hierdie reis neergepen is, bevat onder meer verwysings na 'n verskeidenheid voëlspesies wat in Malawi aangetref word.⁶ Dit word bevestig deur die aard en omvang van voëlverwante verwysings in die *Sonklong oor Afrika*-dokumentasie wat bewaar word in die Universiteit van Stellenbosch se J.C. Gericke-biblioteek.

4. Voëls in *Sonklong oor Afrika*

Bo en behalwe direkte en indirekte verwysing na voëls in die onvoltooide verse wat in *Sonklong oor Afrika* opgeneem is, staan voëls sentraal in sewe verse uit dié bundel-in-wording, naamlik “Mahem!”, “Die goue snip van Afrika”, “Arende broei adellik”, “Scribas te velde”, “Die tarentale wei”, “Ons hamerkoppies maak bekend” en “Posduiwe”. In totaal is daar verwysings na tien voëlspesies en ses -soorte in hierdie bundel-in-wording (Franzsen, 2013:15 en 21). In hierdie bydrae word slegs twee van hierdie verse in meer besonderhede in oënskou geneem, naamlik “Die goue snip van Afrika” en “Arende broei adellik”.

4.1 “Die goue snip van Afrika”

Hierdie vers-in-wording (Kannemeyer, 2000:138-139) handel oor die goudsnip (*Rostratula benghalensis*). Die goudsnip is skaars in Suid-Afrika (Harrison *et al*, 1997:372-373), maar kom voor in sowel KwaZulu-Natal as die Wes-Kaap waar Opperman dié spesie moontlik teëgekom het. Opperman het hierdie spesie waarskynlik weer, of eerder, in 1981 in Malawi, waar dit redelik algemeen voorkom, teëgekom. Dit is ook moontlik dat Opperman hierdie spesie nooit te siene gekry het nie, maar bloot deur goudsnippe se eienaardige gewoontes gefassineer was.

Kannemeyer was verkeerdelik onder die indruk dat die faksimileekopie wat in *Sonklong oor Afrika* opgeneem is die enigste kopie van hierdie vers-in-wording was (Kannemeyer, 2000:139). In die *Sonklong*-dokumentasie wat by die Universiteit van Stellenbosch bewaar word, is daar egter minstens twee (oënskynlik vroeëre) kladversies wat meer sekerheid oor bepaalde haas onleesbare woorde in die faksimileekopie wat in *Sonklong oor Afrika* opgeneem is, verskaf.⁷ Kannemeyer se weergawe van hierdie vers-in-wording is inderdaad bevestiging vir die besondere risiko's wat daaraan verbonde is om 'n digter se onklaar manuskripte te probeer ontrafel en dan te publiseer. Veral aangesien Opperman se handskrif, wat skynbaar altyd moeilik leesbaar was, in die maande voor sy beroerte bykans

onontsyferbaar was (Kannemeyer, 2000:29), is die moontlikheid van verkeerde aannames weselik.

Soos hieronder in meer besonderhede verduidelik word, getuig “Die goue snip van Afrika” van Opperman se intieme kennis van voëls. Dit vertoon ongelukkig ook Kannemeyer se gebrekkige kennis in hierdie verband en hoe hierdie gebrek aanleiding gegee het tot foutiewe aannames ten aansien van wat bepaalde woorde soos dit in die Kannemeyer-weergawe van die vers voorkom, beteken. In die tabel hieronder word die getranskribeerde Kannemeyer-weergawe gestel teenoor ’n voorgestelde “alternatiewe” weergawe van die navorser. Blote kennis van die gewoontes van die goudsnip, asook die bevestiging van onduidelike woorde uit die kladversies wat Kannemeyer skynbaar nie onder oë gehad het nie, sou tot ’n meer akkurate teks vir hierdie vers-in-woording kon gelei het. Woorde in die Kannemeyer-tekste wat bevraagteken word asook die meer waarskynlike woorde in die voorgestelde alternatiewe tekste word in vetdruk en kursief aangedui.

Kannemeyer se teks	Voorgestelde alternatiewe teks
<p>Die Goue Snip van Afrika</p> <p>Tussen die nors moerasse en krullende planteslungels moet hy, tingerige mannetjie, snoesig weggesteek van arende, die koepelnessie, die tjamahalletjie vir die mier (koniese?) eiers bou.</p> <p>Hier kan sy gemaksugtig in ’n hemelbed as ’n gombruid die nie-koninklike eiers uitbroei, sorg vir kuikens en kombuis en altyd welgemoed met waterkriek en -kruik die ewige vier bekke voed.</p> <p>En (hy?) Die veeleisende sorg: van Oosterling te wees, die oë swart mere tussen rooi apis grimmige grimeringe, die sorg vir die vier eiers – bevrug gewaarborg.</p>	<p>Die Goue Snip van Afrika</p> <p>Tussen die nors moerasse en krullende planteslungels moet hy, tingerige mannetjie, snoesig weggesteek van arende, die koepelnessie, die taj mahalletjie vir die vier koniese eiers bou.</p> <p>Hier kan hy gemaksugtig in ’n hemelbed as ’n gombruid die vier koninklike eiers uitbroei, sorg vir kuikens en kombuis en altyd welgemoed met waterkriek en -kruik die ewige vier bekke voed.</p> <p>En sy? Die veeleisende sorg van Oosterling te wees, die oë swart mere tussen rooi en pers grimmige grimeringe, die sorg vir die vier eiers – bevrug gewaarborg.</p>

<p>Notas:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Die woorde wat in hakies geplaas is met 'n vraagteken is woorde waaroor Kannemeyer onseker is. 2. Dit val vreemd op dat Kannemeyer nie “tjamahalletjie” en “mier” (reël 6, strofe 1) asook “apis” (reël 3, strofe 3) – binne konteks – bevraagteken het nie. 3. Die vraagteken (reël 1, strofe 3) in die faksimileweergawe is foutiewelik weggelaat in die teks, waarskynlik as gevolg van die vraagteken binne die hakie na “hy”. 	<p>Notas:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. In sowel die faksimileweergawe as een van die kladversies skryf Opperman wat eerder lyk na “kroniese” as “koniese” (strofe 1, laaste reël). Gegewe die konteks en 'n uitleg wat eerder dui op “koniese”, het Kannemeyer (2000:139) dit straks gelyk dat dit voorkom of Opperman die aanvanklike verskrywing, “r”, gekanselleer het.
---	--

Hierdie vers-in-wording kan binne Opperman se gedigte wat direk of indirek oor die verhouding tussen man en vrou handel, geplaas word. In die voëlwêreld is die goudsnip 'n besondere spesie om vier redes: Dit is een van die weinige spesies waar die wyfie groter en meer veelkleurig is as die mannetjie (Ginn *et al*, 1989:222), poliandries is (Austin, 1961:117; Maclean, 1985:216; Ginn *et al*, 1989:222) en waar die mannetjie die eiers uitbroei en die kuikens grootmaak (Austin, 1961:117; Newman en Newman, 2010:128). Kortom: Die tradisionele geslagsrolle is grotendeels omgeruil (Austin, 1961:117; Zimmerman *et al*, 1996:385). 'n Verdere uitsonderlike kenmerk is dat die wyfie bykans altyd vier eiers lê (Zimmerman *et al*, 1996:385) en dat die eiers 'n unieke koniese vorm het (Maclean, 1985:217). Al vier hierdie eiesoortige kenmerke word treffend deur Opperman beskryf, in sommige gevalle met humor en subtiliteit – soos gesuggereer deur die terme “taj mahalletjie” en “gombruid”. Die getal “vier” staan sentraal en word inderdaad ook vier keer ingespan.

Eerstens is die titel veelseggend. Eerder as “goudsnip”, die erkende naam vir hierdie voëlsesie, wysig Opperman dit na “goue snip”. Met “goue” is daar sprake van 'n verhewenheid, moontlik selfs koninklikheid, terwyl die *HAT* (1976), terwyl 'n “snip”, benewens na 'n voëlsoort, ook die betekenis het van 'n “[I]wendige, parmantige, astrante, voorbarige vrou ...”. In die konteks van hierdie vers en die wyfiegoudsnip se gedrag, is dit sekerlik nie toeval nie.

In die eerste strofe word die tipiese habitat van die goudsnip akkuraat beskryf. Goudsnippe kom inderdaad voor in moerasagtige gebiede en waterpoele met omringende plantegroei (McLachlan en Liversidge, 1978:164). Ook die beskrywing van die nes wat die “tingerige” mannetjie (wat kleiner is as die wyfie, soos reeds vermeld) bou, is korrek. Die verwysing na die “Taj Mahal” is bykans komies, maar tog van pas. Eerstens verwys dit terug na die “koepelnessie” en tweedens

uiteraard na Shah Jehan se ongeëwenaarde liefdesdaad om die mausoleum te bou ter herinnering aan sy mees geliefde vrou (Elliott *et al*, 1990:1079). Die ironie in die metafoer is opvallend: ’n gebou opgerig deur ’n poligamis en die nes gebou deur ’n mannetjiegoudsnip vir ’n wyfie wat poliandries is! Wat veral opval, is dat Opperman ’n menslike handeling (en geskiedkundige feit) as metafoer inspan om die voël se gedrag te verduidelik.

In die tweede strofe verwys Opperman op subtiële wyse na die uitsonderlike gedrag dat die mannetjie die broeiwerk doen en alleen die kuikens grootmaak. Die term “gombroid”, eerder as “bruidegom”, is ’n duidelike wenk van die “omgekeerde” rolle van die mannetjie en wyfie by hierdie voëlspejie.

In die slotstrofe is van die woorde besonder onduidelik en derhalwe bestaan daar steeds ’n moontlikheid vir foutiewe aannames. In die konteks van die vers in sy geheel en die wyse waarop Opperman die unieke eienskappe van hierdie voëlspejie aanwend, handel die slotstrofe waarskynlik oor die wyfie-goudsnip en nie die mannetjie soos wat Kannemeyer vermoed nie. Net die wyfie het gesigskleure wat as “rooi en pers” beskryf sou kon word en ondanks haar beperkte rol as ouer het sy steeds ’n onontbeerlike rol om te vervul in die spesie se voortbestaan – dit is immers haar eiers wat bevrug word!

Poliandrie, wat skaars is in die diereryk, is ook ’n raar kultuurverskynsel in die mensdom en kom blykbaar slegs voor by enkele groepe in Tibet en Indië (Elliott *et al*, 1990:895). Dit is die oënskynlike rede vir Opperman se verwysing na die wyfie-goudsnip as ’n “Oosterling”. Die wyfie-goudsnip se veelkleurige gesigsmerke lyk inderdaad na swaar grimering. Hier is sprake van ’n antropomorfisme wat die speelse ironie versterk.

Ten slotte blyk dit inderdaad of hierdie vers-in-wording reeds in ’n bykans voltooid stadium was, veral wanneer die twee kladversies waarna hierbo verwys is, in ag geneem word. Selfs al is die vers onvoltooid, pas dit in by een van die grondtemas in Opperman se oewre, naamlik die verhouding tussen man en vrou. Met akkurate voëlkundige en bio-regionale verwysings na hul gewoontes en gedrag word die goudsnip ’n geslaagde metafoer om die gevare van stereotipering van die geslagsrolle uit te wys.

4.2 “Arende broei adellik”

Hierdie vers-in-wording (Kannemeyer, 2000:140-141) handel oor die Kain en Abel-verskynsel wat by verskeie voëlspesies aangetref word. Dit is interessant dat die Kain en Abel-verhaal ook in die gedig “Sprokie van die spikkelkoei” in Opperman se bundel, *Engel uit die klip*, voorkom, weliswaar in ’n ander gedaante. In “Sprokie van die spikkelkoei” word die vergelykbare verhaal vanuit die Zoelomitologie geskets (Cloete, 1966: 94; Kannemeyer, 2005:231; Nortjé, 2011: 63; Van

Vuuren, 1999:462). In beide verse is daar sprake van ironie; die titel in “Sprokie van die spikkelkoei” suggereer ’n speelse “sprokie”, maar die onderwerp is in wese ernstig (Cloete, 1966:95), terwyl die titel “Arende broei adellik” ook ironies is, gegewe die makabere gebeure wat in die arendnes afspeel.

Twee bladsye met kladversies van hierdie vers-in-wording bestaan (Kannemeyer, 2000:141). Die getranskribeerde weergawe (Kannemeyer, 2000:141) lees soos volg:

Arende Broei Adellik

Omdat die vroulike anus
van die arend met tussenpouse
van die dae die kort string
eiers uit haar lyf afknyp,
is alle arende ongelyk.

Die kuikens in die nes voer
volgens Adler, God en Oenkoelokoe
die stryd van broer teen broer:
van Kain, Abel, en sonder treur
moet Ouboet Kleinboet stukkend skeur.

In die voëlwêreld word die Kain en Abel-gewoonte, dit wil sê waar een kuiken die ander kuiken of kuikens in die nes deur fisiese grootte oorheers of dood pik, onder meer aangetref by parasiterende spesies soos koekoeke (Prozesky, 1964:114) en heuningwysers (Prozesky, 1964:128). By die heuningwyser het die indringerkuiken ’n skerp haak aan die snawel waarmee die eie kuikens van die voogouers knaend gepik en sodanig beseer word dat hulle uiteindelik vrek. Die haak val na enkele dae af, maar dan is die skade reeds aangerig en kry die indringerkuiken eksklusiewe aandag van die pleegouers (Austin, 1961:186; Prozesky, 1964:129). Hierdie gewoonte kom ook by verskeie roofvoëls voor, waaronder jakkalsvoëls (McLachlan en Liversidge, 1978:109) en arende (soos die Witkruisarend (*Aquila verreauxi*)) (McLachlan en Liversidge, 1978:98). Hier is dit bloot ’n geval dat die ouer en derhalwe groter kuiken die jonger, kleiner kuiken doodmaak om sodoende die volle aandag van die ouers te ontvang en derhalwe ’n beter kans op oorlewing vir die kuiken, maar ook die spesie as sodanig, te verseker. Om twee (of meer) kuikens groot te maak, is vir die meeste groot jagvoëls bloot te veeleisend. Hierdie ekologiese oorlewingsmeganisme, wat basies neerkom op die natuurbeginsel van “die oorlewing van die sterkste”, het Opperman aangegryp en in hierdie kort, kragtige vers-in-wording beeld hy dit bio-regionaal akkuraat uit – weliswaar op makabere, dog spitsvondige wyse. Weer eens sluit die beskrywing aan by al die Opperman-grondtemas, naamlik

die aardse (“arend” en “nes”), die vrou (“die vroulike anus”, “nes” en “eiers”), die goddelike (“Adler, God en Oenkoelokoe” asook die Kain en Abel-verhaal), en ook die Afrika-motief (die verwysing na die Zoeloe-god, “Unkulunkulu”).

Opperman gebruik die trits (Van Rensburg, 1974:172) baie effektief in “volgens Adler, God en Oenkoelokoe” (strofe 2, reël 2). Die gebruik van “en” eerder as “of” tussen “God” en “Oenkoelokoe”, sinspeel op ’n tipe goddelike drie-eenheid. Met die Duitse “Adler” (“arend”, oftewel “Adelaar”) word die “godsdienstige simbool van verskillende Indo-Germaanse volke” (WAT I, 1970:56) gestel naas ’n meer universele “God” en die Zoeloe-opperwese Unkulunkulu – wat Opperman doelbewus verafrikaans na “Oenkoelokoe”. Hierdie transkulturele uitbeelding verhoog opsigself die onderliggende spanning, misverstand en stryd. Die arende se onafwendbare gedrag en die verskeidenheid gode dui op die spanning en stryd tussen volke, kulture en, gegewe die Suid-Afrikaanse omstandighede, rasse. Daarbenewens verwys “Adler” ook terug na die Oostenrykse sielkundige, Alfred Adler (1870-1937). Nadat Adler aanvanklik met Sigmund Freud saamgewerk het, het hy later sy eie teorie ontwikkel waarvolgens hy “the ‘will to power’ as more influential in accounting for human behavior than the sexual drive theory” beskou (Elliott *et al*, 1990:12). Hierdie teorie sluit dan ook nou aan by die magstryd tussen die arendkuikens (letterlik) en kulture en volkere (metafores).

Die stryd “van broer teen broer” wat die kuikens voer, is oënskynlik deur die trias van gode gesanksioneer – soos gesuggereer deur die woord “volgens”. Dit is ’n bevestiging, wat ook gesuggereer word in die titel (“Arende broei adellik”),⁸ dat die reg om te beslis oor lewe en dood by die oppergesag (godheid) berus. Daarbenewens is die uiteinde onafwendbaar, want “sonder treur/ moet Ouboet vir Kleinboet stukkend skeur” (slotreëls). Die ondubbelsinnige “sonder treur”, dit wil sê sonder dat die gewete gepla word, staan in skrilte kontras met die skuldgevoel en kwellende gewete na die broedermoord in “Sprokie van die spikkelkoei” (Cloete, 1966:94-95; Kannemeyer, 2005:231). Die bloeddorstigheid wat reeds as kuiken in die nes begin, is maar net die begin van ’n lewenslange oorlewingstryd. Reeds in die titel “Arende broei adellik” tref mens Opperman se skerp ironie aan: Arende word as simbool van adellikheid en koninklikheid aangetref in die Europese folklore en verskeie kulture (WAT I, 1970:56), maar tog is die arend volgens Ou Testamentiese tradisie ’n onrein voël (Deuteronomium 14:11.). Hierdie vers-in-wording raak dan ook op subtiële wyse die rassekwessie en die oorlewingstryd in Suid-Afrika aan.⁹ Bioregionaal is die bespreking van die arende se gedrag ook akkuraat.

5. Opsommende kommentaar

Dit is opvallend hoe Opperman in *Komas uit 'n bamboesstok* en ook in *Sonklong oor Afrika* op besondere wyse teruggryp na die natuur as bron vir digterlike boustof. Bloot die aantal gedigte en verse-in-aanbou waarin voëls genoem word, asook die verskeidenheid voëlspesies en -soorte wat deur Opperman ingespan word, is alreeds 'n duidelike bewys hiervan. Maar anders as wat die geval was in sy vroeëre bundels, waar voëls deurgaans meer subtiel figureer (byvoorbeeld as draers van boodskappe (Nolte, 1976:233-236)), is dit opvallend dat in *Komas uit 'n bamboesstok* en ook in *Sonklong oor Afrika* voëls dikwels sentraal staan om 'n bepaalde tema, en dikwels die herhalende en deurlopende grondtemas van Opperman se oeuvre, op besondere wyse toe te lig.

Opperman het beslis 'n meer as terloopse kennis gehad van die voëlspesies en voëlsoorte waarmee hy binne sy leefwêreld in aanraking gekom het. Die wyse waarop hy die gedrag van goudsnippe en arende inspan in onderskeidelik “Die goue snip van Afrika” en “Arende broei adellik”, getuig van 'n intieme kennis van hierdie voëls en hulle gewoontes. Lesers met 'n meer as terloopse kennis van voëls behoort ook 'n ryker ervaring te hê by die lees en waardering van al nege Oppermanse bundels. In dié konteks kan onder meer die volgende gedigte vermeld word: “Shaka” (*Heilige Beeste*), “Ná 'n besoek aan die dieretuin” (*Negester oor Ninivé*), “Mirakelspel: Wie't Mossie doodgemaak?” en “Trekswaeltjies” (*Komas uit 'n Bamboesstok*), asook ander verse-in-wording uit *Sonklong oor Afrika*, soos “Mahem!”, “Ons hamerkoppies maak bekend” en “Die tarentale wei”. Uiteraard geld dit ook vir die leeservaring ten aansien van gedigte van ander digters wat voëls as simbole of metafore in hul digkuns inspan (Jackson, 2002), waaronder ander Afrikaanse digters uit die vorige eeu soos Uys Krige, Ina Rousseau en Sheila Cussons, maar ook digters van die 21ste eeu, soos Johann Lodewyk Marais (*Aves*), Trienke Laurie (*Sonskyf*), Carina Stander (*Woud van nege en negentig vlerke*), Martjie Bosman (*Toevallige tekens*) en Tom Gouws (*Stigmata*).

Ten slotte getuig beide “Die goue snip van Afrika” en “Arende broei adellik” van Opperman se sonderlinge vermoë om die aksent op sowel die lokale (in hierdie geval Afrika) as die universele te plaas. Die goudsnip en arend word treffend as simbole van respektiewelik die verhouding tussen man en vrou en tussen volke en rasse aangewend.

Universiteit van Pretoria

AANTEKENINGE

1. Hierdie bydrae is grotendeels gebaseer op navorsing vir 'n MA (Kreatiewe Skryfkuns) mini-skripsie getiteld *Omvang en funksionaliteit van voëlverwysings in die gedigte van*

D.J. Opperman, voltooi aan die Universiteit van Pretoria in 2013 onder leiding van Prof. Henning Pieterse.

2. In hierdie verband kan onder meer verwys word na doktorske proefskrifte van Nolte (1976), Spies (1981) en Janse Van Vuuren (1985), verhandelinge van Anker (1979), Bosch (1954), Deudney (1971), Nel (1989) en Spies (1963), asook verskeie gedenkbundels waaronder *Woord en Wederwoord* (1974), *D.J. Opperman – Dolosgooier van die Woord* (Grové, 1974) en *Kroniek van Klip en Ster* (Kannemeyer, 1979). Vir meer omvattende inligting oor navorsing oor aspekte van Opperman se oeuvre, kyk Kannemeyer, 1979:101-103; 1986:382; Franzsen, 2013:4.
3. 'n "Bioregion" word in die elektroniese *Free Dictionary* (<http://www.freeictionary.com>) beskryf as "an area constituting a natural ecological community with characteristic flora, fauna, and environmental conditions and bounded by natural rather than artificial borders". In die elektroniese *Oxford Dictionary* (<http://oxforddictionaries.com>) is 'n soortgelyke definisie wat dit omskryf as "a region defined by characteristics of the natural environment rather than by man-made divisions".
4. Oor die Afrikaanse natuurpoësie van die vroeë 20^{ste} eeu, kyk Nienaber en Lategan (1952:2-39) en Cloete (1966). Ten aansien van "nature poetry", kyk Bryson (2002:1) en Abrams en Harpham (2009:87-91; 214).
5. Voëls figureer ook in Opperman se drie versdramas, *Periandros van Korinthe* (1954), *Vergelegen* (1956) en *Voëlvry* (1968). In *Voëlvry* is veral die hadida (*Bostrychia hagedash*), wat ook in "Heilige beeste" (*Heilige beeste*) figureer, 'n belangrike en deurlopende simbool vir onheil en dood (Nolte, 1976:248).
6. Vgl. onder meer die akkedisvalk (*Kaupifalco monogrammicus*), breëkoparend (*Polemaetus bellicosus*), kolgans (*Alopochen aegyptiaca*), koningriethaan (*Porphyrio madagascariensis*), lelietrappier [d.i. langtoon] (*Actophilornis africanus*), saalbekoëvaar (*Ephippiorhynchus senegalensis*) en witpelikaan (*Pelicanus onocrotalus*).
7. Hierdie kladversies is deur die navorsers opgespoor in die *Sonklong*-dokumentasie tydens 'n besoek aan die J.C. Gericke-biblioteek op 19 April 2012. Dit kom voor asof Kannemeyer nie van hierdie kladversies bewus was nie.
8. Soos Kannemeyer (2000:140 en 141) uitwys, was 'n vroeëre titel wat Opperman oorweeg het (maar deurgehaal het) "Omdat die arend adellik broei". Dit is 'n nog duideliker bevestiging van die onafwendbaarheid van hierdie natuurverskynsel, asook die stryd tussen volke en kulture wat deur hierdie gedig gesimboliseer word.
9. Op baie meer direkte wyse word die swart-wit-kwessie ook aangespreek in nog 'n vers-in-woording in *Sonklong oor Afrika*, "Die tarentale wei" (kyk Kannemeyer, 2000:159).

VERWYSINGS

ABRAMS, M.H. en HARPHAM, G.G.

2009. *A Glossary of Literary Terms*. Boston: Wadsworth Cengage Learning.

ANKER, J.

1979. *Opperman se verwerking van die Nasionale Geskiedenis in Enkele van sy Gedigte*. MA-verhandeling: Universiteit van Suid-Afrika.

AUSTIN, O.L.

1961. *Birds of the World*. Londen: Hamlyn.

BOSCH, D.J.

1954. *Die probleem van tyd in die epiek aan die hand van die Joernaal van Jorik*. MA-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

BOSMAN, M.

2010. *Toevallige tekens*. Pretoria: Protea.

BRYSON, S.J. (red.).

2002. *Ecopoetry: A critical introduction*. Salt Lake City: University of Utah Press.

CLOETE, T.T. (samesteller).

1966. *Faune: 'n Bloemlesing oor die dier in die Afrikaanse poësie*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

DEKKER, G.

1974. Bespreking. In Grové, A.P. (samesteller). *D.J. Opperman – Dolosgooier van die Woord*. Kaapstad: Tafelberg, 3-6 (oorspronklik in *Die Huisgenoot*, 27 Julie 1945).

DEUDNEY, E.S.

1971. *Die siklus as kompositoriese probleem met besondere verwysing na twee siklusse van D.J. Opperman*. MA-verhandeling: Randse Afrikaanse Universiteit.

ELLIOT, S.P., GOLDSTEIN, M. EN UPSHALL, M. (reds.)

1990. *Webster's New World Encyclopedia*. New York: Prentice Hall.

FRANZSEN, R.C.D.

2013. *Die omvang en funksionaliteit van voëlverwysings in die gedigte van D.J. Opperman*. MA-skripsie: Universiteit van Pretoria.

GINN, P.J., MCILLERON, W.G. EN MILSTEIN, P. LE S.

1989. *The Complete Book of Southern African Birds*. Kaapstad: Struik Winchester.

GOUWS, T.

2012. *Stigmata*. Kaapstad: Human & Rousseau.

GROVÉ, A.P.

1965. *Monografieë uit die Afrikaanse Letterkunde – Nommer 9: D.J. Opperman*. Kaapstad: Nassau Beperk.

1974. Ter inleiding. In Grové, A.P. (samesteller). *D.J. Opperman – Dolosgooier van die Woord*. Kaapstad: Tafelberg, vii-viii.

1982. D.J. Opperman. In Nienaber, P.J. (red.) *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Afrikaanse Pers.

1987. *D.J. Opperman – Versamelde poësie*. Kaapstad: Human & Rousseau.

HARRISON, J.A., ALLAN, D.G., UNDERHILL, L.G., HERREMANS, M.,
TREE, A.J., PARKER, V. EN BROWN, C.J. (reds.).

1997. *The Atlas of Southern African Birds*. Kaapstad: BirdLife South Africa.

JACKSON, N.

2002. Die wêreld om ons: Daar's meer as 'n handvol vere in ons poësie. *Beeld*, 26 April. <http://www.bee.d.com/Rubrieke/Die-wereld-om-onsDaars-meer-as-n-handvol-vere-in-ons-poesie-20100617> (webbladsy besoek op 22-10-2012).

JANSE VAN VUUREN, H.E.

1985. *Die gesprek tussen literere kunswerke met spesiale verwysing na Tristia en Komas uit 'n bamboesstok*. Ongepubliseerde DLitt-tesis: Stellenbosch Universiteit.

KANNEMEYER, J.C.

1979. *Kroniek van klip en ster: 'n Studie van die oeuvre van D.J. Opperman*. Pretoria en Kaapstad: Academica.

1986. *D.J. Opperman: 'n Biografie*. Kaapstad: Human & Rousseau.

2000. *D.J. Opperman – Sonklong oor Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

2005. *Die Afrikaanse Literatuur 1652-2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.

LAURIE, T.

2009. *Sonskyf*. Pretoria: Protea Boekhuis.

MACLEAN, G.L.

1985. *Roberts Birds of South Africa*. 5de uitgawe. Kaapstad: The Trustees of the John Voelcker Bird Book Fund.

MALHERBE, F.E.J.

1974. "Bespreking" [van *Engel uit die klip*] soos opgeneem in Grové, A.P. (samesteller). *D.J. Opperman – Dolosgooier van die Woord*. Kaapstad: Tafelberg (pp 70-75). Oorspronklik in *Ons Eie Boek* (Junie 1951).

MARAIS, J.L.

2002. *Aves*. Pretoria: Protea Boekhuis.

MCLACHLAN, G.R. EN LIVERSIDGE, R.

1978. *Roberts Birds of South Africa*. 4de uitgawe. Kaapstad: The Trustees of the John Voelcker Bird Book Fund.

NEL, A.

1989. *Die Oog in die Poësie van DJ Opperman*. MA-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

NEWMAN, K. EN NEWMAN, V.

2010. *Newman's Birds of Southern Africa*. 10de uitgawe. Kaapstad: Struik.

NIENABER, P.J. EN LATEGAN, F.V.

1952. *Afrikaanse Natuurpoësie – Gedigte vir Jong Suid-Afrika*. Pretoria: Afrikaanse Boekhandel Pers.

NOLTE, K.E.

1976. *DJ Opperman en die Digterlike Beeld*. DLitt-tesis: Universiteit van Pretoria.

NORTJÉ, H.

2011. *In die skadu van soveel bome*. MA-skripsie: Universiteit van Kaapstad.

OPPERMAN, D.J.

1945. *Heilige beeste*. Soos gebundel in *D.J. Opperman – Versamelde poësie*.

1947. *Negester oor Ninevé*. Soos gebundel in *D.J. Opperman – Versamelde poësie*. 1987. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

1949. *Joernaal van Jorik*. Soos gebundel in *D.J. Opperman – Versamelde poësie*. 1987. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

1950. *Engel uit die klip*. Soos gebundel in *D.J. Opperman – Versamelde poësie*. 1987. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

1956. *Blom en baaierd*. Soos gebundel in *D.J. Opperman – Versamelde poësie*.

1963. *Dolosse*. Soos gebundel in *D.J. Opperman – Versamelde poësie*. 1987. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

1970. *Edms. Bpk.* Soos gebundel in *D.J. Opperman – Versamelde poësie*. 1987. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

1979. *Komas uit 'n bamboesstok*. Soos gebundel in *D.J. Opperman – Versamelde poësie*. 1987. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

1987. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

PROZESKY, O.P.M.

1964. *Ons Voëls*. Pretoria: Voortrekkerpers.

SCHOONEES, P.C. (hoofredakteur).

1970. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel I*. Pretoria: Staatsdrukker. (Verwysing: *WAT I.*)

SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. EN BOOYSEN, C.M.

1976. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Pretoria: Voortrekkerpers. (Verwysing: *HAT.*)

SCOLTZ, M. (red).

1974. *Woord en Wederwoord*. Kaapstad: Human & Rousseau.

SMITH, S.

2012a. Die aard van ekopoësie teen die agtergrond van die ekokritiese teorie met verwysing na enkele gedigte van Martjie Bosman. *LitNet Akademies*, 9(2), Augustus, 500-523.

2012b. Die groen gedig: 'n Verkenning van tematiese en strukturele eienskappe van ekopoësie aan die hand van internasionale en Afrikaanse gedigte. Referaat gelewer by die Afrikaanse Letterkunde Vereniging-kongres, Pretoria, 25 September.

SNYMAN, H.

1993. D.J. Opperman in die Simbolisme. In Steenberg et al. *Simbolisme in die Afrikaanse Digterlike Tradisie*. Potchefstroom: PU vir CHO.

SPIES, J.P.

1963. *'n Stilistiese analise van Ringdans van die hamerkoppe van D.J. Opperman*. MA-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

SPIES, L.

1981. *Weefsel en Web: Heilige Beeste, Negester oor Ninevé en Komas uit 'n Bamboesstok van DJ Opperman binne verband van sy Oeuvre*. Ongepubliseerde DLitt-tesis: Universiteit van Pretoria.

SPIES, L.

1992. *Kolonnade: 'n Studie van D. J. Opperman se bundels Heilige beeste, Negester oor Ninevé en Komas uit 'n bamboesstok binne verband van sy oeuvre.* Kaapstad: Human & Rousseau.

STANDER, C.

2009. *Woud van nege en negentig vlerke.* Kaapstad: Tafelberg.

VAN RENSBURG, F.I.J.

1974. Die trits by D.J. Opperman. In Scholtz, M. (red.). *Woord en Wederwoord.* Kaapstad: Human & Rousseau, 172-190.

VAN VUUREN, H.

1999. D.J. Opperman (1914-1985). In Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, Deel 2.* Pretoria: J.L. van Schaik Akademies, 447-471.

ZIMMERMAN, D.A., TURNER, D.A. EN PEARSON, D.J.

1996. *Birds of Kenya and Northern Tanzania.* Halfway House: Russel Friedman Books CC.